Ps. 98 : 1, 3.
Ges. 96 : 1, 4, 6.
Ges. 95 : 6
Ges. 62 : 6.

God Regeer!

Openb. 4.

N. Laikp 14 aug. 60.

Op. 4: 2 – En kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon.

By ons vorige twee aganddienste het ons uit die boek Daniel (hfs. 3 en 7) twee drome oorweeg om te sien wat hulle betekenis is vir die Godsryk. Vanmôre gaan ons na die laaste boek v.d. Bybel, die Openbaringboek, om 'n gesig te oorweeg wat God aan Johannes gegee het terwyl hy in eensame gevangenskap op Patmos verkeer het. Die hemelse visioen wat aan hom gegee word terwyl hy „in die Gees" was beslaan die hele hoofstuk en is gegee, nie as beeld v.d. hemel nie, maar as beskrywing van die ganse heelal vanuit die gesigspunt van die hemel. Die doel van hd. visioen is om ons in die skoonste simboliek te wys dat alle dinge bestuur word deur Hom wat op die troon sit – God die Here! Daarby moet ons in gedagte hou dat hierdie visioen nie net die toestand weergee wat eendag in al sy volmaaktheid sal bestaan in hemel en op aarde nie, maar dat dit ook weergee wat reeds in beginsel bestaan – al is dit baiekeer nie uiterlik sigbaar nie!

Wat het ons hier?

I 'n Gesig van God wat Regeer: Johannes sien Een wat sit op die troon: die simbool van God in sy majesteit en heerskappy; God wat regeer oor alle dinge. Die sit op die troon gee te kenne die rus en majesteit van God. Al werk en werk geweldige magte om Hom van sy troon te stoot, al mag daar nog soveel arbeid in die Godsryk wat verrig moet word: by God is daar geen gejaag en spanning, geen angs of benoudheid: Hy is die Oorwinnaar oor magte hel – en Hy weet dit! Dlom kan God rustig wees!

Ook in die afskynsel van sy heerlikheid (vs. 3) — want God self kan geen mens aanskou nie, ook nie Johannes nie — sien ons die tekens van sy mag en majesteit: sy <u>heiligheid</u> word versinnebeeld in die <u>skitterwit</u> glans v.d. jaspissteen; sy <u>oordeel</u> oor alle dinge in die <u>bloedrooi</u> van d. sardiussteen; en sy <u>beskerming</u> oor sy kerk en sy kinders in die <u>groen v.d. reënboog</u> wat vertel dat vir Gods kinders die storm verby is omdat <u>Xtus in die plek v.d. sondaar kom staan het.</u>

<u>Twee baie ernstige vrae</u> kom dadelik na vore as ons hierdie gesig van God wat regeer, oorweeg:

1) Hoe rym ons hierdie regering van God met die teenwoordigheid van soveel kwaad op aarde? Is God dan ook die Skepper en Beskikker van die kwaad? Dlop antwoord ons dadelik: <u>God regeer oor alle dinge</u>: in sy regering <u>beskik en wil Hy al die goeie</u>, maar <u>laat Hy ook die kwaad toe</u> (om redes waarop ons nie nou kan ingaan nie) om juis daardie kwaad te gebruik en te omskep tot seën van sy Godsryk! Maar alles is en bly in sy mag! Alles gebeur en gaan voort binne sy kontrole. Die einde van alle dinge, nes die begin van die tye, lê by God.

2) Hoe raak dit die Xten se beproewinge en verdrukkinge: ligg. leed, geld. verliese, huisl. smart, godsd. verdrukking & vervolging, haat van vyandskap — is daar enige sin in al die dinge? O ja, antwoord God van sy troon, ook alle dinge werk mee ten goede vir hulle wat God liefhet. God het ons in Xtus klaar verlos, Hy het sy koninkryk kom stig en daarom — al bly ons ook hoeveel duister en leed — betree ons die toekoms onbevrees: <u>God regeer!</u>

<u>II 'n Gesig van 'n Gemeente (Kerk) wat Verlos is:</u>

Rondom die troon van God is daar 24 ander trone gerangskik op elkeen waarvan 'n ouderling sit beklee met wit klere en gekroon met 'n goue kroon. Hierdie getal — soos alle getalle in Openb. — is sinnebeeldig en bestaan uit die getal <u>2x12</u> as simbool van die <u>12 stamme</u> van die Ou Bedeling en die <u>12 apostels</u> uit die Nuwe Bedeling — dus: <u>die Kerk van Christus van alle tye</u>. Dis die skaar van verlostes wat rondom Gods troon hulle bevind, wat saam met God regeer (elkeen op 'n troon). Die <u>wit kleding</u> vertel van die <u>heiligheid</u> wat God bewerk en wat in sy kerk moet wees, en die <u>goue kroon</u> vertel van die kroon van <u>oorwinning</u> wat die kerk nou reeds besit en eendag sal dra!

→ As ons hierdie gesig oorweeg dan storm honderde gedagtes op ons af: (1) diepe <u>dankbaarheid</u> dat God ons wil leer hoe Hy sy kerk en sy kinders op aarde sien: as verlostes wat saam met Hom <u>regeer</u>; (2) <u>ootmoed</u> by die besef dat God ons ten spyte van al ons sonde wil <u>gebruik</u>; (3) <u>belydenis</u> dat sy kerk nie die <u>wit kleed van heiligheid</u> <u>meer</u> vertoon of die <u>kroon van oorwinning</u> laat <u>skitter</u>.

Nr. dit dwing elke Xten. elke belyd. lidmaat van Xtus se kerk om ~~te vra~~ sy eie posisie in die kerk te ondersoek en te vra: <u>Staan ek daar</u>? Leef ek in <u>gedurige teenwoordigheid van God</u>? Vertolk my hele lewe en optrede <u>die heiligheid</u> wat God vermag? Is my <u>aandeel</u> aan die kerk een van iemand wat glo dat die boodskap van Jesus Christus die finale woord is: <u>Woord van Verlossing</u>, <u>Woord v. Oorwinning</u>?

III ŉ Gesig van ŉ Skepping wat Aanbid: Rondom die troon bewerd